# NOG LANK NIE SAT VIR MUSEUMS

Die Direkteur van die Museum, mnr. Oberholzer, vergesel van sy eggenote, Georjane, het gedurende die tydperk Augustus tot November 1983 'n studiereis onderneem waartydens besoek gebring is aan 'n groot aantal en verskeidenheid van museums in Israel, elf Europese lande, die Verenigde State en Kanada. Mev. Oberholzer is verbonde aan die Kunsredaksie van "Die Volksblad" en in die meegaande artikel, wat oorspronklik in die rubriek "Stop van Myne" gepubliseer is op 19 Desember 1983, verskaf sy enkele indrukke van hul reis.

*"IS JY nie nou sat van museums nie?" Op dié standaardvragie ná ons reis van veertien weke deur 'n groot deel van die Noordelike Halfrond, kan ek onomwonde antwoord: Nou is ek éérs museumbehep! Soveel so dat ek die sowat vyf weke wat ons weer tuis is, die byna daaglikse museumbesoek mis.*

**VER GESTAP**

*Dit was 'n anderse reis hierdie, in die sin dat ons min of byna glad nie die stuifgetrapte paadjies van die gewone EWO-(Ek was oorsee) brigade geloop het nie.*

*Ons het museums (81 van alle soorte) "geloop". . . . . en jy moet jou loop ken, want die meeste oorsese museums is nie net groot nie, hulle is reusagtig, soms tot vier verdiepings hoog.*

*As jy die Deutsches Museum in München dwarsdeur geloop het - en alles van dié oorwegend tegnologiese uitstallings gesien het, het jy sestien kilometer afgelê!*

**AANSTEEKLIK**

*Ek was darem een van die weinig gelukkiges om aan die sy te wees van 'n museumman in hart en siel, wie se opgewondenheid oor mooi of interessante uitstallings aansteeklik werk. In só 'n mate dat ek ('n leek) my begin verbeel het ek raak self 'n "ekspert" oor museums, maar tog besef het hoeveel 'n mens in 'n museum leer.*



*Mnr. Hannes Oberholzer, direkteur van die Nasionale Museum, en sy eggenote, Georjane, wat verbonde is aan die Kunsredaksie van Die Volksblad, het verlede jaar 'n studiereis na Israel, elf Europese lande, die Verenigde State en Kanada onderneem. Tydens die reis is verskeie museums in die verskillende lande besoek en waardevolle inligting aangaande die museumwese is versamel.*

*Dis juis vir ons leke wat museums daar is. Hier wil ek ook sommer die opvatting die nek in slaan dat 'n museum net 'n stowwerige vergaderplek van ou goed is. Behalwe in Italië, waar dit blykbaar 'n voorvereiste vir museums is, die wat nou nie "chiuso per restauro" (gesluit vir restourasie) of sommer net plein toe is nie, dat stof letterlik sentimeters dik moet lê in vertoonkaste waarvan die vensters seker vyf jaar laas skoongemaak is, om dit museum te kan noem.*

*Selfs die beroemde Uffizi-kunsmuseum ('n ou paleis) in Florence, waar by sommige kosbare kunsskatte net groepies op 'n keer toegelaat word, kan 'n slag uitgevee word, terwyl die bors- en standbeelde in die gang-galerye met 'n goeie was kan doen.*

**ISRAEL**

*Museums elders, in Israel, die res van Europa, Engeland, Amerika en Kanada is meestal 'n genot om deur te stap met uitstallings van hoë gehalte wat die besoeker lok. (Almal het ook restaurants of kleiner eetplekke waar 'n mens "museum fatigue" kan afskud).*

*Moet nou net nie dink museums het net 'n streng opvoedkundige of geskiedkundige doel nie. Sommige uitstallings is bloot 'n heerlikheid vir die oog.*

**MISSIELE**

*Ek kry sommer lekker by die herinnering aan die hele dag se rondkyk in die ongelooflike Air and Space-museum in Washington, met sy ruimtekapsules en -missiele wat tot twee verdiepings optoring, en toe af te kom op die plesierige Pussywillow II . . . . . 'n "vlieënde tapyt" waarop 'n onbeskryflike bewegende "ruimtetuig" gemonteer is, gemaak van allerlei huishoudelike goed, soos wasters, garingtolletjies, wasgoedpennetjies, wat alles beweeg soos die gedoente van bo af toemaak soos 'n blom se kelk en weer oopvou, om die "stuurman" by wie se voete 'n kat en 'n marsmannetjie sit en tee drink, terwyl die hele diereriem se figuurtjies daarom heen wentel.*

*Die fynste klawesimbelklanke "begelei" dié rondomtalie plesierigheid (dit is 3 tot 4 meter lank en sowat 3 meter hoog), om iets vir die oor ook te bied.*

**VLEESVRETER**

*Soos die oorgrote meerderheid kinders in Europa, Engeland en Amerika (veral) het ek behoorlik versot geraak op dinosourusse, daardie reuse-diere/reptiele aan wie die aarde miljoene jare gelede behoort het. Elke natuurhistoriese museum van naam het dinosourusskelette of modelle op uitstalling en hul grootte alleen vul 'n mens met verwondering.*

*Met hul benamings het ek sommer hans geraak – TYRANNOSAURUS, die wrede vleesvreter met sy enorme kake . . . . . STEGOSAURUS met die ry bene soos vinne op sy rug . . . . . die elegante DIPLODOCUS (my gunsteling) met sy lang nek en ewe lang stert . . . . . BRONTOSAURUS, 'n korter en dikker weergawe van DIPLODOCUS . . . . . en tientalle meer.*

**NEW YORK**

*DIORAMAS van voëls en diere in hul natuurlike omgewing is anderkant die waters die "in"-ding vir mense wat die natuur lief het maar nie die ware jakob kan geniet of bestudeer nie. 'n Mens kan 'n dag lank net by die dioramas van New York se natuurhistoriese museum deurbring, of die plantmodelle van die Field-museum in Chicago bekyk.*

*Museums het velerlei verrassings en elkeen het iets spesiaal te bied, wat meebring dat 'n mens nié sat raak nie. Moeg word jy natuurlik, van die drentelstap van een uitstalling na die ander, maar die geestelike stimulering vergoed in alle opsigte vir die fisieke afgematheid.*

*Soms voel 'n mens daar is net te veel om in te neem. Daarom sal ek met graagte weer 'n hele paar museums wou deurstap . . . . . en daar is nog soveel wat ek nie gesien het nie. Dat dit 'n geestelik verrykende avontuur is, is nie weg te praat nie.*